

26 Augustus

Skrifgedeelte: 1 Konings 19:9-18  
Fokusgedeelte: 1 Konings 19:12c

### Die Here sal jou in stilte krag gee

In 1 Konings 18 het die Here Hom met die geweldige gebeure op die Karmelberg openbaar as die enigste lewende God. Daarna het Elia gevlug uit vrees vir sy lewe. Hierdie keer praat die Here nie met hom deur verdere kragtige verskynings soos sterk winde, aardbewings en vuur nie, maar in die sagte fluistering van die windstilte. Wat 'n kontras! In stilte gee die Here vir Elia krag.

Soms werk die Here baie anders as wat ons verwag. In ons gejaagde en polsende lewe raak ons soms só swak en bang dat ons wil ingee en vlug. Ja, dit is juis wat die Here dan van ons vra. Trek af, raak êrens stil en wag op die Here se groot krag in jou stiltetyd. Stiltetyd is nie dadelik Bybelleestyd nie. Bid eers om kalmte en bly stil. Die Here sal jou optel in die fluistering van die windstilte. Staan dan op en herskeduleer jou besige program.

*Sing: Psalm 84:1, 4*

*Ds. LJ Buys (Rustenburg-Wes)*